

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Die uitverkiesende mens

Al hoe meer mense glo aan die uitverkiesing - 'n uitverkiesing vanuit die mens self. Die mens kies God uit om in te glo. Die dankbaarheid verskuif van die mens na God. Stalin, wat ook 'n ruk lank by 'n teologiese seminarie deurgebring het, het gesê: 'dankbaarheid hoort by 'n hond'. Die nuwe fase in die koms van die antichris is dat daar besin word oor God se dankbaarheid - dat die mens Hom kies om in te glo. Dit klink nie net Godslasterlik nie - dit is dit ook. 'n Uitverkiesende mens met 'n dankbare God.

Die wortel van hierdie aardse uitverkiesing was in 'n sekere sin nog altyd by die mensdom aanwesig. Tog het die spoed waarmee die dwaling vorm aanneem toegeneem. Daar het 'n soort eendrag in die gedrag van die mens begin kom. Die globalisme, veral die digitale aard daarvan, het 'n groot bydrae hiertoe gelewer. Kort gestel: die mens met sy elektroniese masjintjies het geleer om sy eie wêreld saam te stel. Die post-moderne mens, van wie ons nou al sy laaste stuiptrekkings begin sien, is by uitstek 'n uitkieser. Hy kies sy styl vir kleren en 'n kar, waar hy sy eie persoonlikheid saamstel. Hy kies sy eie woorde - wat geradbraakte SMS kodes word - waarmee hy kommunikeer net met wie hy wil. Hy kies sy eie seksualiteit wat by sy sondesmaak pas. Hy kies nie net die aantal nie, maar binnekort ook die geslag van sy kind. Hy stel vir hom 'n

familie saam, as hy een wil hê. Hy kies dan ook sy eie god. Dit is niks nuuts vir die afgode nie. Maar nou kom daar iets by. Die mens kies God - sodat God dankbaar sal wees. Die mens kies en verleen so bestaansreg aan (G)od. Ons het nie net te doen met die vergoddeliking van die mens nie, maar met die vermensliking van God.

Stalin het ook gesê hy het by die priesters leer lieg. In watter mate leer die kerk die wêreld lieg? Wanneer die waarheid vir die leuen verruil word. Wanneer die uitverkiesing, deur God in Christus, van die mens ondergrawe word met 'n mens wat van die aarde af sy hart vir die Here gee. Daarom is dit so gevaarlik as Remonstrantse dwalings, Arminianisme en humanisme afgewit in die kerke ingedra word. 'n Voorbeeld hiervan is die bykans fanatieke ywer waarmee die dwalings van Bruce Wilkinson en Rick Warren deur gereformeerde predikante bevorder word. Moet God nou dankbaar daarvoor word? Hoeveel gereformeerde predikante het die vermensliking van God raakgesien in Mel Gibson se *The passion of the Christ*? Moet God nou dankbaar wees? Hoeveel preke moet ons nog hoor oor wat jy alles vir die Here moet doen? Gaan Hy vir jou dankie sê? Glo die gereformeerde kerke in God wat uitkies of in die mens wat uitkies? Glo ons aan die mens se reg om te kies of in God se reg om te kies? Dit is óf menseregte óf Christus se

reg(verdigheid).

God het in Christus gekies. God het mens geword in Christus. God is en bly volledig God - al sou geen mens Hom aanbid nie. Wanneer gaan die gedeformeerde kerke - ook binne die gereformeerde kerkverband - ophou om iets vir God te probeer doen? Jy kan niks vir God doen nie, want dan moet Hy vir jou dankie sê. Die waarheid is dat God deur sy Seun, Christus, en deur sy Heilige Gees sy werk in jou doen. Daarvoor is daar plek vir dankbaarheid. God het Homself klaar verneder deurdat sy Seun mens geword het. Jy hoef Hom nie te probeer verneder met remonstrantse dwalings en 'n nuwe post-moderne uitverkiesingsleer wat God net 'n blote medemens wil laat wees nie. Soos die popliedjie lui: 'What if God were one of us ...' Ja, inderdaad, wat dan? Dan kan Hy mos maar vir jou dankie sê. Hierdie valse christus wat deur die uitverkiesende mense aangehang word is 'n afgod - en afgode is dood. Is jy seker dat die nuwe entoesiasme en 'lewe' wat hierdie nuwe neigings in jou gemeente geblaas het, werklik die asem van God is?

Sy Heilige Gees en sy Woord is die waarheid. God kies. Nie jy nie. Laat die kerk ophou om die wêreld te leer lieg oor Christus. Leef jou dank, as jy in Christus gekies is. Wees ware kerk van die ware Christus in die wêreld.

ALAB

INHOUD

- 1 Redaksioneel
Die uitverkiesende mens
- 2 Skrifoorndenking
Die geheim van die sewe donderslae
Dr JG Meijer
- 3 Aktueel
Die Islam (1)
Ds DJ Malan

- 5 Uit die geskiedenis
Augustinus se De Civitate Dei (Die stad van God)
Prof VE d'Assonville
- 6 Arso & Aros
Soos die weduwee se kruik
RJW van der Kooy

- 7 Rekenaar en Internet
Bibleworks
Dr AH Bogaards
- 8 Persskou
- My volk gaan ten gronde
- Belhar - ja of nee?
- Die rusdag in die spervuur
Ds GJ Meijer

Die geheim van die sewe donderslae

Openbaring 10:1-11

En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.

Die geskiedenis verloop volgens die raadsplan van God. Sy geskiedenisplan bestaan volgens die Openbaringboek uit vier dele, naamlik die sewe seëls (Openbaring 5:1-6:17; 8:1), die sewe basuine (Openbaring 8:6-9:21; 11:15-19), die sewe donderslae na die sesde basuin (Openbaring 10:3-4) en die sewe skale van die grimmigheid van God (Openbaring 15:1-16:21).

Hierdie vier dele is nie opeenvolgende tydperke nie, want elke deel loop uit op die eindgerig. Die vier gedeeltes bevat gesamentlik die volledige oorsig van God se geskiedenisplan. Drie dele staan uitvoerig in die Openbaring beskrywe. Een van die vier dele, die derde, is 'n uitsondering. Sewe donderslae ... Johannes hoor hulle stemme. Hy verstaan die inhoud.

Hy neem sy pen, getrou aan die opdrag: Skryf die dinge op wat jy gesien het (Openbaring 1:19). Hou niks verborge nie. Verseël dit nie (Openbaring 22:10). 'n Stem uit die hemel sê egter: Skryf in hierdie geval nie, Johannes. Verseël wat die sewe donderslae gespreek het (vergelyk Daniël 8:26; 12:4, 9). Die inhoud en betekenis daarvan moet verborge bly. Die geheim van die sewe donderslae openbaar: Geen mens onder die son kry die oorsig van God se geskiedenisplan nie. Die volledige samehang van sy dade in die geskiedenis is onbegryplik, ongrypbaar. Die storie is vol van verrassende, onvoorsiene, onvermoede, onberekenbare gebeurtenisse.

Elke toekomsvoorspeller wat nie onmiddellik by die hede aansluit nie, misken die geheim van die sewe donderslae. Sosialiste wat die koms van die Marxistiese

heilstaat aankondig, sien lugkastele. Toekomsvoorspelling volgens die sterre, horoskopie, is sondige spekulasie.

'n Apostel wat vir die Here Jesus vra: Neem die sluier van die toekoms weg, kry die antwoord: Wat gaan dit jou aan? (Johannes 21:22). Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie (Handelinge 1:7).

Ons weet nie noukeurig wat die toekoms bring nie. Die tékens van die tye is wel geopenbaar, maar nie die tye van die tekens nie. Die dag van die eindoordeel is onberekenbaar. Christus kom soos 'n dief in die nag, op 'n onverwagte uur (Matteus 24:44), 'n uur wat alleen aan die Vader bekend is (Matteus 24:36). Paulus waarsku ons om die dag en uur nie te bereken en sodoende ons verstand te verloor nie (2 Tessalonisense 2:1-2), maar om rustig aan die werk te bly (2 Tessalonisense 3:10-12).

Nie alleen die toekoms nie - ook die verlede en die hede, bevat raaisels wat ons nie kan oplos nie. Baie 'waarom'-vrae loop teen die geheim van die sewe donderslae, soos teen 'n muur vas. Die vraag waarom baie goddelose mense in weelde baai, terwyl regverdige onder teëspoed gebuk gaan (Psalm 73:1-14), stem die hart verbitterd (Psalm 73:21). So 'n vraagsteller kry nie 'n bevredigende antwoord nie.

Die HERE wat koning Herodus deur wurms laat verteer het (Handelinge 12:23), laat in 'n ander geval die goddelose mense groei soos die plante en al die werkers van ongeregtigheid bloei ... om hulle vir ewig te verdelg (Psalm 92:8). Tog is daar geen willekeur in sy dade nie.

Die evangelie van die verseëelde donderslae waarsku teen die stel van nuuskierige vrae wat God se geheim wil onthul. Die Bybel spreek ook van 'n ander verseëling. Jesaja hoor 'n stem uit die hemel sê: Verseël die

wet (Jesaja 8:16). Dié verseëling is die uitoefening van 'n wraakgerig. Die HERE neem sy heilsame Woord uit die kring van die afvallige verbondskinders weg. Hulle lees die Bybel, maar verstaan nie meer die stem van die Goeie Herder nie (Matteus 13:13-15).

Die apostel - en in hom alle ampsdraers en lidmate van die kerk - kry die opdrag: Laat die verseëelde donderslae 'n geheim bly. Neem die nie-verseëelde, geopende boekrolletjie uit die hand van die engel wat die sewe donderslae opgeroep het. Neem die rolletjie en eet dit op (Openbaring 10:8). Lees die Woord van God nie oppervlakkig nie. Bestudeer, oordink die evangelie (Psalm 1:2; 19:8-9; 119). Laat dit as 't ware jou vlees en bloed word. En profeteer (Openbaring 10:11), ongeag die gevolge, ook al maak dit jou maag bitter (Openbaring 10:10). As jy werklik profeteer, die wil van die Here met woord en daad bekend maak, sal God se vyande dit vir jou moeilik maak.

Profeteer. Dit is nou die hede van genade. Die reënboog staan oor die engel se hoof (Openbaring 10:1). God hou nou nog sy verbond met die aarde in stand (Genesis 9:13), totdat Christus kom.

Die evangelie van die geheim van die sewe donderslae leer vir ons: Die geskiedenis, die lewe van volke en mense, is vol raaisels. Stel geen nuuskierige vrae om die raaisels op te los nie. Laat lê dit in die hand van Hom wat vir sy kinders wat Hom liefhet, alles - ook teëspoed - ten goede laat meewerk (Romeine 8:28). Die verseëelde donderslae, die raaisels in die geskiedenis van volke en mense, die verborge dinge is vir die HERE onse God. Maar die geopenbaarde dinge, die geopende boekrolletjie, is vir ons en ons kinders tot in ewigheid om al die woorde van sy wet te doen (Deuteronomium 29:29).

Die Islam (1)

'n SENDINGPROBLEEM EN 'n EVANGELIE-GELEENTHEID

'n Sendingprobleem

Ons beleef 'n tyd van geweldige opbloeit onder die Islam. Dit is een van die snel-groeiendste godsdienste ter wêreld. Vanaf 1983 is die Moslems in Suid-Afrika toestemming gegee om sendingwerk onder die swart volke te begin doen en ook moskees in hulle woongebiede op te rig. Hoogleraar Muhammed Mia van die Watervaal Islamic Institute in Midrand, hulle 'teologiese skool', het met groot genoeë aan my gesê dat die christendom met hulle sendingwerk onder die swart volke gefaal het. Die Moslems maak nou 'n sukses daarvan. Die diepgaande Bybelkennis wat die Moslemleraars het, is verstommend. Dit maak van hierdie heidense geloof 'n groot en kragtige vyand van die christendom. Die praktyk het reeds bewys dat die Islam een van die moeilikste godsdienste is om te bearbei.

Die Islam is, naas die christendom, die godsdienst met die meeste aanhangers. In 1979 reeds was 17% van die wêreldbevolking Moslems. Vandag word gereken dat dit ongeveer 20% beloop, teenoor die 7% Boeddhiste, 12% Hindoes, 31% Christene en 30% Ateïste. As ons in ag neem dat die Islam die jongste groot godsdienst is - dit het eers ongeveer 600 nC tot stand gekom - is hulle groei asemrowend. Binne 100 jaar na die dood van Mohammed, hulle grondlegger, het die Islam deur Suid-Frankryk, Spanje, Noord-Afrika, Sentraal-Asië en tot in China versprei. In dieselfde tyd is die christendom in die Midde-Ooste en omliggende lande byna heeltemal ontwortel.

Die Islam was reeds in 1983 die meerderheidsgodsdienst in meer as 35 lande. In Rusland beloop hulle getalle meer as 33 000 000 en in China 37 000 000. In die volgende lande oorheers die Islam totaal: Pakistan - 79%; Maleisië - 45%; Jordanië - 90%; Sirië - 90%; Turkye - 98%; Algerië - 99%; Egipte - 86%; Iran - 98%; Irak - 97%; Marokko - 98%; Tunisië - 98%; Yemen - 99%; Gunea

- 70%; Mali - 77%; Niger - 86%; Senegal - 89%; Somalië - 99%.

Ongeveer 3 000 sendelinge werk tans onder die Moslems, maar die suksesyfer is baie klein. Ons staan hier dus voor 'n onomstootlike feit: Die Islam is 'n kragtige godsdienst, 'n godsdienst wat daarin slaag om sy volgelinge tot fanatiese ywer op te sweep, soos ons dit nog onlangs beleef het met die vliegtuig-aanvalle in Amerika en die oorloë in die Midde-Ooste.

Die Moslems in Suid-Afrika lyk nie na fanatieke moordenaars nie. Hulle kom eerder as vriendelike en besonder toegewyde mense voor. Onwillekeurig ontstaan die gevoel dat daar tog 'n raaiselagtige, dwingende krag uit hierdie geloof voortspruit - veral waar dit gaan oor beginselvastheid van hulle lidmate rakende tye van gebed, kleredrag, voedsel en die duisendtalle wette (*Hadith* genoem) wat gehoorsaam word. Juis hierdie raaiselagtige krag van die Islam maak hulle die taaiste sendingprobleem van die christendom. Kraemer skryf reeds in 1938: 'Er is geen godsdienst waaraan de zending zich resultaatlozer heeft afgebeeld en de vingeren tot bloedens toe heeft stukgekrabt dan aan den Islam'.

Ons mag ons egter nie aan die sendingwerk onder Moslems onttrek nie. Daarom is dit nodig dat ons ons beter vergewis van een van die grootste swakhede van die Islam, naamlik 'n gebrek aan diepsinnige geloof.

Gebrek aan diepsinnige geloof

Hiermee word nie bedoel dat die Islam 'n oppervlakkige godsdienst sonder inhoud is nie. Dit wys eerder op die gebrek aan diepsinnige dogmas en leerstukke soos wat in ons belydenisskrifte vervat is, byvoorbeeld die uitverkiesingsleer, die leer oor sonde en verlossing, genade, en in besonder geloof. Die rede vir hierdie gebrek vind ons in hulle rasionalistiese en humanistiese benadering van hulle godsdienst. Hulle godsdienst rus nie op geloof nie, maar op dit wat die

mens met sy verstand kan beredeneer en verklaar en wat die mens self kan doen om gered te word.

As christene aanvaar ons eenvoudig gelowig die waarhede in die Bybel, omdat ons goed weet dat ons menslike verstand nie die almag van God kan deurgrond nie. Daarteenoor wil die Moslems self verstaan, self uitredeneer en sy lewe langs hierdie eenvoudige logiese weg inrig.

Talle Islam-skrywers probeer bewys dat die Koran 'n logiese, werklikheidsgetroue weergawe van wetenskaplike feite is. Die Koran beskryf die evolusieleer byvoorbeeld volledig: 'Then He directed Himself to the heaven, and it was a vapour, so He said to it and to the earth: Come both, willingly or unwillingly ...' (Sura 41:11). Sura 38:40 beskryf verder die logiese ontstaan van die beweging van al die planete en Sura 24:40 beskryf die logiese ontstaan en beweging in die oseane. Sydow, 'n Moslemskrywer van letterlik honderde strooipamflette, gaan sover om te beweer dat die mens homself tot 'n hoër vlak van bewussyn kan 'opwerk': 'Nevertheless, it (die Koran) does use the phenomena of physical nature as an intellectual stepping stone, as it were, for man to rise to a higher level of consciousness'.

Vir 'n Moslem is iets wat onlogies klink totaal onaanvaarbaar. Daarom verwerp die Islam die volgende:

- Die leer van die erfsonde - volgens die Koran is die mens van nature goed. Sonde is nie iets wat soos 'n erfpag van ouers tot kinders oorgedra word nie. Elkeen is verantwoordelik vir sy eie misdade.
- Die leer van die Drie-eenheid - drie kan volgens hulle nie tegelyk een wees nie. Dit is onlogies. Drie gode wat tegelyk aanbid moet word is niks anders nie as veelgodendom.
- Die feit dat Jesus die Seun van God is - dit is volgens hulle onmoontlik dat Allah 'n seun kon verwek. Dit is te aards, te ver van sy heiligheid! 'Allah is een ... Hy verwek nie ...

en niemand is soos hy nie (Sura 112:1 en 3). Jesus is bloot 'n baie uitsonderlike mens, die voorlaaste profeet. Mohammed is die laaste profeet.

- Die kruisiging en opstanding van Jesus - hulle vra: Hoe sou die almagtige God (Allah) kon toelaat dat 'n profeet van hom gekruisig word? As Hy (Christus) dan God is, hoe kon Hy so verneder en bespot word, en selfs sterf? Hoe is dit moontlik dat 'n dooie liggaam weer kan opstaan en lewe? Ahmed Deedad 'bewys' in sy skrywe: 'Who moved the stone?', op 'n streng wetenskaplik-rasionele wyse dat die "raaiselagtige leë graf" onlogies is en dat Jesus nooit gesterf en opgestaan het nie.

Sydow som dit so op: 'To say that Jesus is God, is not only a mockery of godhood, but blasphemy of the lowest order and an insult to the intelligence of men. The onus to prove that Jesus is God now rests with the Christian. Either he must prove that Jesus is God, or he must admit that he is a polytheist, i.e. a believer in more than one God'.

'n Eenvoudige 'geloof'

Die geloofsleer van die Islam bestaan in hoofsaak slegs uit twee eenvoudige sinne:

'Daar is geen God behalwe Allah nie' en 'Mohammed is sy profeet'.

Die Moslem se daaglikse roetine draai om 'n herhaling van bogenoemde spreuk. Hierdie eenvoudige en vir enigiemand verstaanbare begrippe, help mee dat die Islam baie maklik aanhangers kry en behou.

As dit nader ontleed word kom dit op ses sake neer:

- Die leer aangaande God
- Die leer aangaande die engele
- Die heilige boeke
- Die leer rakende die profete
- Die leer rakende die eskatologie
- Die predestinasieleer

Die leer aangaande God

Daar is geen God behalwe Allah nie!

Vanaf die top van hulle tempel, die minaret, weerklink in Arabies, vyf maal per dag duidelik hoorbaar die oproep tot gebed, waar die volgende

woorde verskeie kere herhaal word:

'Allah is die grootste

Ek getuig dat daar geen God is behalwe Allah nie

Ek getuig dat Mohammed die apostel van Allah is

Kom na gebed

Kom na sukses'

Veral die heidennasies het hierdie eenvoudige leer aangaande die god van die Islam as treffend ervaar - veel makliker as die christelike leer en ook veel beter as hulle eie veelgodendom.

Sura 112, een van die sleutelhoofstukke van die Koran, beskryf die monoteïsme van die Islam duidelik: 'Say: He is Allah, the One! Allah, the eternally Besought of all! He begetteth not, nor was begotten. And there is none comparable unto him.'

Allah as skepper

Die Moslem glo dat Allah die skepper van die heelal is, en dat alles deur sy sogenaamde *Divine Command* geskape is. Hulle verkleineer die christendom wat beweer dat God na die skepping 'gerus' het: 'There is no God like him, the Alive, the eternal. Neither slumber nor sleep overtaketh Him.'

Die name van Allah

In die *Hadith*, die wetboeke naas die Koran, opgeteken deur Abu Huraira, staan dat Mohammed eenmaal gesê het dat Allah 99 name het: 'Verily there are ninety-nine names of Allah, and whosoever recites them shall enter Paradise'. Hierdie name druk die eienskappe en karaktertrekke van Allah uit. Hierop is hulle baie trots.

Allah is almagtig en is die oorsprong van alles, ook van die slegte!

Volgens Sura 3:26 besit Allah alle mag. Hy gee mag aan wie hy wil en neem mag weg van wie hy wil. 'These are for paradise, and I care not, ... These are for hell, and I care not!' Spencer ontmasker hulle egter as dualisties: 'The Quran emphasizes His creative power, and teaches that not only the moral and material good of the world, but also the moral and material evil are His creation', ... 'He guides men aright and He leads men astray. Allah creates all, decrees all, and He cares nothing' (1956, p 4,5).

Hierteenoor openbaar God Homself aan ons as regverdig en in geen opsig die outeur van die slegte nie. Hy haat die sonde en straf dit.

Satan as anti-god en die sondeval

Die sondeval, as gevolg van die verleiding van Satan, word ook in die Koran vermeld. Satan word die Aartsbedrieër genoem. Tog glo hulle nie aan erfsonde nie. Mense word sonder sonde gebore en sy disrespek teenoor Allah of sy medegelowige, asook nalatigheid ten opsigte van sy godsdienstige verpligtinge, en die oortreding van die *Hadith* maak jou sondig. Goeie werke, aalmoese, getroue rituele, gebed, ensovoorts kan egter die sonde ophef.

Die Islam:

'n Evangelie-geleentheid

Omdat die Islam in die eerste plek reeds die leer van die erfsonde verwerp, loop die hele geloofspad rakende verlossing in Christus en goeie werke uit dankbaarheid, oor die afgrond (drie dele van die Heidelbergse Kategismus). Hulle eensydige monoteïsme ter wille van 'eenvoud en logika' veroorsaak dat hulle God nie kan ken soos Hy homself aan die mens openbaar nie. Die skeeftrek van Allah se soewereiniteit maak ook dat hulle nooit die beginsel van God se soewereine regverdigheid kan verstaan nie. Die Islam kan dus geen ware godsdienst wees nie.

Die Koran maak nie hulle volle 'godsopenbaring' uit nie. Die *Hadith* is 'n stel wetboeke wat letterlik drie meter van hulle biblioteekrak volstaan. Dit dra dieselfde gesag as die Koran. Dit maak van hulle die geloof met die grootste wettisitiese lading in die wêreld.

Hierdie oordrewe humanisme en wettisisme is egter ook hulle swakste punt as ons hulle op die sendingveld benader. Die Moslems dra die mees ondraaglike las van wette op hulle skouers. Dit maak hulle lewe 'n hel. Presies hier lê die invalshoek vir sendingwerk: Evangelieverkondiging. Die genade van God en verlossing in Christus is immers die enigste bevryding van hierdie las. Hieroor meer in die volgende artikel.



Augustinus se *De Civitate Dei* (Die Stad van God) (1)

'n Bybelse insig in die verhouding kerk en staat

Aurelius Augustinus (354 - 430)

word in 397 biskop van Hippo Regius, Noord-Afrika

Die val van Rome in 410 nC

Na eeue van onoorwinlike mag was die stad Rome in die vyfde eeu nie meer veilig nie. So was 24 Augustus 410 'n verskriklike dag toe die plunderende hordes van die Gote onder aanvoering van hulle koning Alarik die stad ingeneem het. In die destydse wêreld was dit die grootste ramp wat die magtige Romeinse Ryk getref het! Nie alleen die internasionale politiek is tot in sy fundamente geskud nie, maar ook die christendom het een van sy grootste skokke in die geskiedenis beleef.

Na twaalf eeue, om presies te wees 1164 jaar na sy stigting in 754 vC, het Rome ondergegaan. Daarmee het die mite van twaalf eeue van die onoorwinlike Rome tot 'n einde gekom. Ook 'n eeue-oue heidense staatsfilosofie het meteens ineengestort en die gangbare beskouing oor die kerk het dramaties getuimel.

Die *Roma aeterna* (die ewige Rome) van die Romeinse gode

Hierdie mite van die ewige Rome, só het die heidense massas eeue lank geglo, is deur die staat se gode bewerk. Die burgers van Rome was die 'uitverkorenes' wat kon deel in die *Pax Romana* (die Romeinse orde). Hulle groot geskiedskrywer, Titus Livius (59 vC – 17 nC), wat die geskiedenis van Rome van 742 tot 9 vC in 142 boeke opgeteken het, het geleer dat alles onder die gode se 'voorsienigheid' gebeur het.

Hulle digter Virgilius het kort voor die geboorte van Jesus Christus die gode se beskikking oor Rome in 'n epos besing. Dit was 'n Afrikaanse akademikus van Potchefstroom, die klassikus Ferdinand Postma, wat in sy doktorsproefskrif in Latyn, naamlik *De numine divino quid senserit Vergilius* 'n diepte-insig in hierdie digter se godsbegrip oor die Romeinse gode vir ons kon gee. Die roem van die Romeinse staat was vir sy heidense burgers die roem van hulle gode.

Die *Roma aeterna* (die ewige Rome) het egter in die vierde eeu 'n ingrypende transformasie beleef toe die heidense godsdiens in 380 amptelik vervang is met die christelike staatsgodsdiens. In die plek van die ou gode het nou die God in Jesus Christus gekom. In terme van Openbaring 13:3 het die antichristelike dier uit die see 'n dodelike wond aan een van sy sewe koppe ontvang. Keiser Theodosius verklaar in 380 die christelike godsdiens as staatsgodsdiens van die Romeinse Ryk! In die plek van die heidense tempels waarin die keisers tot dusver vergoddelik was, kom nou christelike kerke (gemeentes) waarin Jesus Christus as die enigste hoof van die kerk gepreek word. Rome is nou nie meer die ewige stad nie, maar daar wag 'n Nuwe Jerusalem (Openbaring 21).

Na 30 jaar van christendom kom Rome se '11 September'

Die val van Rome was 'n wêreldskok - iets soos die ramp wat New York op

11 September 2001 getref het. Hier was dit natuurlik nie straalvliegtuie wat in reuse geboue vasgevlieg het nie, maar stormramme wat die poorte oopgebreek en die hordes wat met hul swaarde op die bevolking toegesak het. Die hooggeroemde Romeinse leërmag was magteloos teen die seëvierende Gote.

Maar wat 'n ironie! In 410 was die Gote reeds 'n gekerstende volk - hoewel Ariaanse christene (volgelingen van die vrysinnige teoloog Arius). Dat christene die christelike stad Rome ingeneem het, het onder die kerkgeledere groot verwarring gesaai. Waar hierdie katastrofe die heidene met 'n nuwe argwaan en siniese verwyt teen die christendom vervul het, daar het die kerkmense in 'n diep pessimisme en geloofswyfel verval. Die kerk het haarself opnuut bedreig gevoel en die onheilspellende gevaar van bloedige vervolginge, martelaarsarenas en die moontlike vlug in die katakombes, het lidmate in die gesig gestaar. Nadat keiser Konstantyn 'n christen geword het, het die kerk haarself dan nou juis onder die nuwe, gewaande staatspolitiek so veilig gevoel. Wat gaan nou van ons word, was die vraag in hierdie ondergangstemming.

Die kerkvader Hieronimus se skok in sy studeerkamer

Die val van Rome in 410 het die christelike kerk tot in sy verste uithoeke geskok. Die beroemde kerkvader Hieronimus wat in sy klooster in Betlehem met sy

Bybelvertaling met die boek Esegïel besig was, roep in wanhoop uit:

'Die lig is gedoof. In hierdie een stad wat in die hande van die barbare geval het, is die hele mensheid in sy ondergang meegesleur!' Let wel, die gekerstende Gote word steeds 'barbare' genoem.

Selfs twee jaar daarna was Hieronimus nog so ontsteld dat dit vir hom gevoel het asof hy sy geheue verloor het. Met sy kommentaar oor die boek Esegïel kon hy eenvoudig net nie meer voortgaan nie. Hy het die boeke toegemaak en in eensaamheid oor die stad Rome getreur.

Die prediker uit Afrika

O ja, die skok oor die val van Rome is tot in Afrika gevoel. Die noordelike dele van Afrika was toe ook nog deel van die Romeinse Ryk. Ook daar het die kerk na bitter vervolgings onder die regime van die Christelike Rome veilig gevoel. Ook hier was die vraag, wat nou?

Op 'n Sondag ná 24 Augustus 410, na die skokkende berig oor die val van Rome, het die 56-jarige biskop van die stad Hippo Regius, Aurelius Augustinus, sy preekstoel besty en 'n

preek uit Psalm 87, oor die stad van God, gelewer. Daarin het hy vir sy gemeente die ondergang van die stad Rome behandel. Hierin vlek hy die mentaliteit van die heidene oop:

'Toe ons nog ons offers aan ons gode gebring het', so verwyf die heidene die Christene, 'het Rome nog in sy volle krag gestaan en gebloei, maar nou dat die offers aan julle God die oorhand het, kyk wat is nou die ellende van Rome!'

Om hierdie heidense verwyf aan die kerk te beantwoord, het Augustinus 'n boek van 22 hoofstukke geskryf waaraan hy 13 jaar lank gewerk het – van 413 tot 425. Dit is sy magistrale *De Civitate Dei* (Die stad van God). Hier vind ons vir die eerste keer vanuit die kerk van destyds 'n antwoord op die aktuele vraag oor die verhouding tussen kerk en staat in die wêreld. Dit is 'n Bybelse visie wat ook aan ons vandag groot hulp vir die regte geloofsinsig in hierdie saak kan gee. In 'n ander geskrif van Augustinus, naamlik sy *Retractationes*, gee hy die redes vir die grootse *De Civitate Dei*:

'Intussen is Rome oorweldig deur die inval van die Gote onder aanvoering van hulle koning Alarik, gepaardgaande met groot rampe. Die

aanbidders van baie afgode, mense wat ons gewoonlik heidene noem, het toe probeer om hierdie inval aan die Christelike godsdiens toe te skryf, en toe het hulle nog meer as gewoonlik die ware God begin laster. Brandende van ywer vir God se huis, het ek besluit om hierdie lastering en dwaling in hierdie boeke van die stad van God te beskryf ...'

Die dodelike wond is weer genees (Openbaring 13:3)

Hierdie opmerkings van Augustinus bring op daardie tyd in die kerkgeskiedenis twee dinge skerp na vore. Eerstens het die heidene na die val van Rome 'nog meer as gewoonlik die ware God begin laster'. Tweedens het daar vanuit die kerk in Afrika 'n brandende ywer vir God se huis' ontstaan.

Die antitese (teenstelling) het skerp geword: aan die een kant groter lastering van die ware God (die wond van Openbaring 13:3 wat genees) en aan die ander kant 'n groter ywer vir die prediking van die Woord.

(Volgende keer: *Wie was die eintlike skuldiges in die verwoesting van Rome in 410 nC?*)

Arso en Aros

RJW vd Kooy, Pretoria

Soos die weduwee se kruik

Saterdag 5 Februarie kon Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) sy tweede studiejaar begin met 'n openingsdiens gelei deur ds GJ Meijer van die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort.

Waar Aros verlede jaar met twee studente kon afsluit, het die getal inskrywings nou tot 18 gegroei waarvan 15 eerstejaars is. Vroeër in die week het hierdie studente 'n tweedagkamp te Silkaatsnek bygewoon waar hulle mekaar en Aros se agtergrond leer ken het.

Die doel van Aros is om gereformeerde onderwysers op te lei om deeglike en Skriftuurlike onderwys aan God se kinders te gee. Aros is

een van twee inisiatiewe wat in die afgelope jaar onder die seënende hand van die Here mooi vordering kon toon. Die ander was Arso (Aksie Reformatoriese [Gereformeerde] Skoolonderwys), 'n vereniging wat al vir baie jare poog om die konsep, noodsaak en ook die moontlikheid van gereformeerde onderwys bekend te maak.

In die afgelope jaar kon Arso met die hulp van talle onderwysers en ander medewerkers 30 skoolboeke die lig laat sien. In totaal is nou al meer as 40 hand- en werkboeke vir grade 1 tot 11 beskikbaar - veral vir vakke soos Bybelkunde, kerkgeskiedenis en lewensoriëntering, maar ook mens- en sosiale wetenskappe, ekonomiese

en bedryfswetenskappe, Afrikaans en gesyferdheid. Vanjaar sal DV 'n verdere 15 handboeke kan volg.

Meer as 3 000 van hierdie boeke is al gedruk. Die dosyn Arso-skole het vanjaar op 'n redelike groot skaal daarvan gebruik begin maak.

Dit is alles dinge om baie dankbaar voor te wees. 'n Mens sal vra waar Aros en Arso die geld gekry het om hierdie dinge te kan doen. Die geld het uit talle bronne gekom. Dit het 'n klomp werk gekos, maar daar was nooit 'n tekort nie. Trouens, beide Arso en Aros kon soos die weduwee se kruik in die afgelope jaar al hul uitgawes sonder sorg betaald en tog die jaar met 'n groter saldo eindig as

waarmee begin is. As dit nie iets is om die direkte hand van die Here in te sien nie, waarin dan?

Vanjaar sal hard gewerk moet word om met al hierdie werk te kan voortgaan. Dit mag gedoen word in die wete dat diegene wat hiermee besig is, nie bekommerd hoef te wees nie, maar net hul plig moet doen. Die Here, ons God en Vader, sorg.

Ten slotte, op 12 Januarie kon 'n nuwe skool, die Gereformeerde Skool Noordelike Pretoria, in die fasiliteite van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord sy deure open met 15 kinders, twee onderwysers asook 'n Aros-student wat hand bysit. Sodoende is daar nou 'n dosyn gereformeerde skole in die land wat lede van Arso is.

2004 was 'n opwindende jaar. Die jaar van onse Here 2005 belowe

om minstens net so opwindend te word. Daarom 'n oproep: diegene wat wil hand bysit, finansiëel of andersins, is baie welkom. Die Here gee geleenthede. Hy maak ook die benutting van die geleenthede moontlik. Hy sorg vir ons. Al wat ons as sy kinders moet doen, is om in sy diens te staan en te doen wat Hy ons gee om te doen. Hy roep ons. Ons moet net gehoorsaam wees.

Rekenaar en internet

Dr AH Bogaards, Pretoria-Rooiwal

Bibleworks

'n Voortreflike Bybelprogram vir die teoloog

Daar is vandag veral twee groot Bybelprogramme wat baie deur predikante gebruik word: *BibleWorks* en *Libronix*.

In hierdie artikel wil ek *BibleWorks* aan u bekendstel en dit ook so hier en daar 'n bietjie met *Libronix* vergelyk.

Die spreekwoord lui: Onbekend maak onbemind. Ek hoop dat die omgekeerde ook waar is: dat bekendheid met *BibleWorks* die program by u bemind sal maak.

Oorspronklike tekste

Die basispakket van *BibleWorks* (\$299) bevat al die belangrikste grondtekste van die Bybel: die BHS Hebreeuse Ou Testament, die Nestle-Aland (27ste uitgawe), die UBS (4de uitgawe) Griekse Nuwe Testament en die Textus Receptus.

Verder is daar ook ander belangrike tekste soos die Septuagint (Rahlfs), die Siriese vertaling van die Nuwe Testament (Peshitta) en die Aramese parafrase van die Ou Testament (Targums), wat van die grootste belang is vir teoloë en die waarde van *BibleWorks* verhoog.

Al hierdie tekste is gemerk (*tagged*) en verbind aan die Hebreeuse, Griekse en Aramese Woordeboeke in *BibleWorks*. Dit beteken: As u met u muispyl op 'n woord in byvoorbeeld die Hebreeuse Ou Testament gaan staan, verskyn die hele morfologie van die woord in 'n wenkvenster voor u. Onderaan die skerm is 'n venster

wat u na die woord op die regte plek in die Hebreeuse woordeboek van byvoorbeeld Brown-Driver-Briggs vat.

Woordeboeke

In die basispakket kry u die Griekse woordeboeke van Louw-Nida, Friberg, Thayer, Barclay-Newman en Liddell-Scott (verkort) ingesluit.

Vir die Hebreeus en Arameses het *BibleWorks* die Brown-Driver-Briggs woordeboek en die Theological Wordbook of the Old Testament.

Die volgende is nie deel van die basispakket nie en moet apart aangekoop word: die belangrike Griekse woordeboek van Bauer-Danker en die standaard Hebreeus-Aramese woordeboek van Koehler-Baumgartner. Eersgenoemde is \$125 en laasgenoemde \$159. Die twee saam kan teen die spesiale prys van \$197 gekoop word.

Grammatika's

Die basispakket bevat die beroemde werk van Gesenius, die Bavinck van die Hebreeuse grammatika.

Verder is daar Futato se Hebreeuse grammatika vir beginners. 'n Beroemde rabbi het eenmaal gesê: Om die Ou Testament in vertaling te lees, is soos om 'n bruid deur 'n sluier te soen – Futato se grammatika sal u help om die sluier op te lig en die Ou Testament in die oorspronklike Hebreeus te lees!

U kan die volgende bykoop: die moderne standaard Hebreeuse sintaksis van Waltke en O'Conner (\$43), die meer gevorderde Hebreeuse grammatika van Futato (\$25) en die Griekse grammatika van DB Wallace (\$25).

'n Menigte Bybelvertalings

BibleWorks bevat al die belangrikste Engelse vertalings (onder andere die KJV, die English Standard Version en die NASB).

Daar is vier Nederlandse vertalings (Leidse Vertaling, Lutherse Vertaling, die vertaling van die NBG en die Statenvertaling) asook Luther se vertaling van 1545.

Goeie nuus is dat ook die Afrikaanse 1953-vertaling binnekort beskikbaar sal wees.

Naslaanwerke

Al die werke van Flavius Josephus en die Apostoliese Vaders is op *BibleWorks*.

Die basispakket bevat verder die volgende: International Standard Bible Encyclopedia, Faussett Bible Dictionary, Synopsis of the Gospels, AT Robertson's Word Pictures in the Greek NT, Metzger's Bible Outline, Treasury of Scripture Knowledge, Easton's Bible Dictionary, Nave's Topical Index, Bible Timelines, Matthew Henry's Commentary.

U kan ook die tekste van Qumran vir \$80 koop. Dit sluit nie die Bybelrolle van Qumran in nie.

Baie funksies

BibleWorks se soekfunksies is veel kragtiger as dié van die gratis Bybelprogramme. Dit is ongelooflik wat hierdie program alles kan doen. 'n Mens kan enkele woorde opsoek, maar ook verskillende kombinasies van woorde. Dit is eintlik onmoontlik om alles in een artikel te verduidelik en te vertel.

Bybelvertalings en die oorspronklike tekste kan langs en onder mekaar geplaas word en met mekaar vergelyk word.

'n Ongelooflike goeie en maklike 'Help'

By die pakket kry u 'n baie deeglike en eenvoudige handboek van 422 bladsye, wat u presies vertel hoe om *BibleWorks* te gebruik.

Dit is egter nie al nie. Die pakket sluit ook 'n CD met video's in, wat u stap vir stap leer hoe om die program te bemeester.

Met so 'n 'Help' hoef u nie 'n kursus te gaan bywoon om die program onder die knie te kry nie. U kan rustig by u rekenaar in u studeerkamer luister en kyk na die moontlikhede van die program.

'n Vergelyking met Libronix

BibleWorks is aansienlik goedkoper as *Libronix*. U sal by *Libronix* minstens \$150-250 meer betaal vir iets wat gelykstaande is aan die basispakket van *BibleWorks*. *Libronix* het tans nog nie die Targum nie en as dit beskikbaar is gaan u 'n paar honderd rand daarvoor moet opdok.

Die 'Help' van *BibleWorks* is baie beter. Geen handboek word saam met *Libronix* verskaf nie en hulle video lig net enkele fasette van die program toe. 'n Beter video moet by *Libronix* aangekoop word.

Verder is *Libronix* bitter stadig. Net om u 'n idee te gee: Om die Naam Jahwe in *Libronix* op te soek neem 20 sekondes – en dan sien u ook maar net die eerste 100 van die 5 031 plekke. Om die volgende 100 te sien, vat net so lank. Daarenteen neem dit *BibleWorks* 1,19 sekondes om al die resultate te toon en u blaai met die grootste gemak daardeur.

Ook die nasorgdiens van *Libronix* is veel swakker as dié van *BibleWorks*. Probleme wat al meer as 'n jaar gelede onder hulle aandag gebring is, is nou nog nie reggestel nie.

Dit is waar dat *Libronix* wat kommentare betref *BibleWorks* ver oortref. *BibleWorks* het egter doelbewus besluit om nie op hierdie mark in te gaan nie en hulle soos volg daarvoor verantwoord: 'Ons wil ons

kliënte ontmoedig om 'n groot klomp eksterne modules (kommentare, ensovoorts – AHB) aan te koop. In die lig van die afwesigheid van publikasiestandaarde is sulke aankope op die heel beste riskant. Ons weet nie van iemand wat beplan om 'n groot elektroniese biblioteek aan hulle kinders na te laat nie en tog is die pryse van elektroniese boeke gelykstaande aan en hoër as gedrukte boeke. Ons wil kliënte daarom maan om versigtig te wees en om eerder hulle boekfondse te gebruik vir gedrukte werke. Ons besef egter dat daar sekere gereedskap is wat eksegete op 'n daaglikse basis gebruik en dat dit nuttig is as dit in elektroniese formaat is'.

Die feit dat *Libronix* al die kommentare van Calvyn en Luther bevat, is by 'n ondersoek na Calvyn en Luther besonder kosbaar en belangrik. U kan egter van Luther se werke, al die kommentare van Calvyn en ook Keil en Delitzsch op ander plekke gratis kry.

Moontlike groepkorting

Die prys van die pakket is \$299 (ongeveer R1 800).

As dit as 'n groep aangekoop word, is die prys \$235.

As daar lesers is wat belangstel, kan u my kontak (ahbogaards@spg.co.za).

Persskou

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

My volk gaan ten gronde

In Beeld van 28 Augustus 2004 skryf Neels Jackson:

Talle jong mense in die NG Kerk verstaan basiese kerktal nie. Driekwart van die jong mense wat aan 'n peiling in die Vrystaat deelgeneem het, kon op 'n vraag oor wat hulle onder die term "Middelaar" verstaan nie eens sê dat dit na Jesus verwys nie.

Dit blyk uit 'n peiling wat ds. Marius Greeff van Jacobsdal onder sowat 130 kinders tussen 15 en 18 vir die tydskrif *Lig* gedoen het. Die peiling is by 'n paar Vrystaatse skole gedoen onder kinders wat tot die NG Kerk behoort.

Op 'n vraag oor erfsonde het die kinders goed gesê soos dat dit 'n gewoonte is wat jy aanleer van iemand anders, soos vloek, of dat dit 'n drankprobleem is wat jy erf van jou ma wat sonde gedoen het.

Net 3% kon sê dat "soenverdienste" dui op sonde wat vergewe is deurdat Jesus aan die kruis gesterf het en mense daardeur met God versoen het. Een respondent se antwoord was: "Weet nie. Is dit 'n soen wat jy verdien?" Nog een het gesê dis as jy mense soen wat iets vir die Here beteken.

Van die ander begrippe wat talle jong mense nie verstaan het nie, is "gereformeerde", "verbond" en "maagdelike geboorte".

Meer as 90% kon darem sê dat die term "Verlosser" daarop dui dat Jesus vir hulle aan die kruis gesterf het.

Greeff sê dis belangrik dat die belydenis van die kerk verpak moet word in 'n formaat wat interessant en toeganklik is vir die jeug. Die belydenisskrifte is 'n "opsomming van wat ons glo", het Greeff gesê, maar die taal en formaat daarvan is ontoeganklik.

Daar is reeds begin met 'n projek om die belydenisskrifte nuut te vertaal.

Die lees van hierdie berig vervul 'n mens met gemengde gevoelens: droefheid, hartseer, kommer, ontsteltenis, boosheid. Een saak is duidelik: die oorsaak van die onkunde moet by die ouerhuis en die kerk gesoek word. As eenvoudige vrae soos dié wat hierbo gestel is, nie behoorlik beantwoord kan word nie, is dit 'n klinkklare bewys van 'n gebrek aan kennis. Die gebrek aan kennis, op sy beurt, het alles te doen met 'n doopbelofte wat nie nagekom word nie.

Die vraag is: wat gaan 'n projek om die belydenisskrifte nuut te vertaal hieraan verander? Die antwoord is voor die hand liggend: niks; absoluut niks. 'n Ander vraag is: tot

watter mate is hierdie donker prentjie in die NG Kerk van toepassing op die GKSA? Dit is algemeen bekend dat daar by min huise nog gereeld en diepgaande huisgodsdienst gedoen word. Dit is ook bekend dat die kwantiteit en kwaliteit van kategetiese onderrig plek-plek veel te wense oorlaat. Sondae na kerk moet daar 'n vinnige tien minute afgeknypt word om die katekisasie ingepas te kry. Daarmee saam is die opstel van katekisasie-handleidings aan 'n nimmereindigende proses van verandering onderworpe. Op sigself is dit geen probleem nie. Hoe meer daar aan kategetiese leerstof ontwikkel kan word, hoe beter. Maar of al die nuwe ontwikkelinge noodwendig 'n vooruitgang is op dit wat die kerke tevore gehad het, kan nie met stelligheid gesê word

nie. Stellings soos 'ons wil nie van ons kinders teoloë maak nie' skep die indruk dat daar met 'n minimum geloofskennis by kinders vrede gemaak word.

Die berig oor die stand van sake dwing ons in die Gereformeerde Kerke terug na die tekenbord. Kategese moet gerig wees op intense onderrig in die leer van die kerk. Sonder daardie onderrig en groei in kennis gaan die opkomende geslag geestelik ten gronde, nog voordat hulle volwassenheid bereik het. Die antwoord op die vraag oor die hoe en wat van kategese lê nie in 'n hervertaling van die belydenis nie, maar in 'n herwaardering daarvan. Daarmee saam 'n besielde verkondiging daarvan: tuis, én op die kansel, én in katekisasielokale.

Belhar – ja of nee?

Terwyl daar in die NG Kerk enersyds gepleit word vir 'n hervertaling van die bestaande belydenisskrifte, is daar andersyds 'n hewige debat oor die wel- of nie-aanvaarding van die Belhar-belydenis. Nog voordat dié saak op die tafel van die NG Kerk se Algemene Sinode gedurende Oktober 2004 gediën het, het 'n redaksionele artikel in Die Hervormer van 15 Julie 2004 verskyn:

Volgens persberigte het die Kaapse konvent vir kerkeenheid in die NG Kerk-familie onlangs die standpunt ingeneem dat die belydenis van Belhar 'n volwaardige en nie 'n opsionele belydenisskrif nie van 'n nuwe herenigde kerk in die NG Kerk-familie moet wees. Volgens die berigte sal die algemene sinodes van die NG Kerk en die Verenigde Gereformeerde Kerk ook gevra word om dié besluite te onderskryf. In praktyk beteken dié besluit dat van dominees en proponente in die NG Kerk verwag sal word om Belhar te onderteken. Indien daar predikante en gemeentes is wat by eenwording (van die kerkgemeenskappe in die NG Kerk-familie) nie dadelik gereed is om Belhar te aanvaar nie, sal die kerk 'n proses van gesprek en begeleiding volg

om hulle daarby te bring.

Daar behoort in die Hervormde Kerk kommer te wees daaroor dat die omarming van die belydenis van Belhar deur die NG Kerk ons eie goeie verhouding met die NG Kerk toenemend onder druk kan bring. Binne die Hervormde Kerk was daar in die verlede, waarskynlik veral vanweë die ideologiese geladenheid van die agtergrond en inhoud van die belydenis van Belhar, tot op hede groot versigtigheid om ernstig te praat oor dié belydenis. Dat die saak binne die NG Kerk en haar gesprek met haar kerkfamilie oor kerkeenheid veel meer op die voorgrond is, is natuurlik te begryp.

Dit is ook die goeie reg van elke kerkgemeenskap om haar eie interne reëlins so te reël en te orden soos hulle dit goed dink. Dit is egter so dat die Hervormde Kerk en NG Kerk oor baie dekades met mekaar gesprek voer oor spesifieke sake wat die kerkgemeenskappe se belydenis raak. Dit is ook so dat die twee kerke dieselfde belydenisskrifte deel, dat ons eenheid met mekaar wenslik dáárin lê en dat ons 'n roeping het om met mekaar te praat indien enige van die kerkgemeenskappe 'n aanpassing

of verandering van of toevoeging tot dié belydenis oorweeg. Ons eie Kerkorde bepaal byvoorbeeld dat by oorweging van verandering van 'n belydenisskrif of die oorweging van 'n nuwe belydenisskrif, die Hervormde Kerk haar eers sal laat bedien van advies deur ander Reformatoriese kerke. Hopelik sal dié gesprek tussen die Hervormde en NG Kerk spoedig en dringend op dreef kom.

Wat vir die Hervormde Kerk geld, geld vir die Gereformeerde Kerke. Die gesprek oor Belhar is nie beperk tot die NG Kerk nie. Kort voor lank sal ons gedwing word om standpunt ten opsigte van die inhoud van Belhar in te neem. Om dit te kan doen, sal dit nodig wees om die belydenis grondig te bestudeer en te toets. Met die oog daarop word die teks van Belhar, wat vir menige gereformeerde nog onbekend is, weergegee.

Die Belhar Belydenis is in 1986 amptelik deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suider Afrika aanvaar. Dit het gevolg op die afkondiging van 'n status confessionis in 1982, in verband met die verwerping van die verdediging van apartheid op morele en teologiese gronde.

1. *Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.*

2. *Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.*

Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;

dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word;

dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;

dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken: saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul; mekaar nodig het en

mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertrous, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saambid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;

dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;

dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.

Daarom verwerp ons enige leer wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;

wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;

wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;

wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.

3. *Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;*

dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom

ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;

dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.

4. *Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdrukes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;*

dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;

dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid

en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlijkheid in ewigheid.

Die rusdag in die spervuur

'n Rapport oor die beskouing en inkleding van die Sondag as rusdag het tydens die Nasionale Sinode 2003 gedien. Na aanleiding van die rapport het verskeie, plek-plek omstrede, gesprekke plaasgevind. Vrae bly rondmaal. Wat mag en wat moet nie op 'n Sondag gebeur nie? Hoe moet die gebod om te rus verstaan en uitgeleef word?

Dr Pieter van Niekerk, predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het homself sterk hieroor uitgespreek in *Beeld* van 9 Augustus 2004. Hy skryf onder die opskrif *Moenie reëls uitdink om Sabbat 'n belangriker dag te maak*:

Dis jammer dat Chris Harmse, top-hamergooier en Statebonds-rekordhouer van Suid-Afrika, nie vir die Olimpiese Spele beskikbaar is nie omdat hy weier om sport op Sondag te beoefen en die eindronde van dié item op 'n Sondag is. Sommige mense meen Harmse het 'n verwronge idee van die viering van Sondag en verabsoluteer dit tot iets anders. Ander bewonder sy beginselvastheid. Waarskynlik is sy verstaan van die betekenis en inhoud van Sondag verteenwoordigend van 'n groot groep Christene, maar nie almal is bereid om sulke opofferings te maak nie.

Christene se verskille oor hoe Sondag gehou word, dui in 'n mate op die

diversiteit in die spiritualiteit van die Christelike geloof. Mense het verskillende geloofsbehoefes, beleef hul godsdiens anders en word van kleins af ten opsigte van sekere idees en tradisies gekondisioneer. Christene moet daarvoor kommunikeer. Dit is soms nodig dat sekere geloofsienings nuut geïnterpreteer en tradisies selfs gekorrigeer behoort te word. Toe ek klein was, moes jy jou Sondagklere die hele Sondag aanhou; jy mag nie gaan swem het nie, om nie eens van visvang te praat nie. Die ou mense het selfs gesê naaldwerk is verbode, want "dan steek jy die Here met die naald in sy oog". Belaglik, sou sommiges sê, maar is dit nie omdat mense steeds die aard van Sondag misverstaan nie?

Elke dag van die week

Sommige mense verwar dalk die karakter van die Sondag met dié van die Sabbat - asof die Ou Testament se mense Sabbat op Saterdag gevier het en die Nuwe Testamentiese mense en Christene vandag Sabbat op Sondag vier - 'n Sondag met moets en moenies. Maar die Sabbat en die Sondag se karakter verskil totaal. Die Sabbat is 'n rusdag en die Sondag is 'n feesdag (Adrio König). Vir die Jode was die hou van die Sabbat, soos die besnydenis, van uiterste belang. Dit het hulle van ander volke onderskei. Maar dit bly 'n vraag of God se bedoeling van die dag reg verstaan

was. In Eksodus 16 word Israel waarskynlik vir die eerste keer geleer om die Sabbat te eerbiedig. Op dié dag is hulle verbied om manna op te tel. Hulle moes sien dat God op dié dag die wonder laat gebeur dat die manna nie sleg word nie. God wou dat sy volk êrens tot stilstand kom om te onthou dat hulle uit sy hand leef - God sorg. As mense telkens daaraan herinner word dat hulle versorg word, kry hulle ook 'n gevoelige hart vir ander mense (Ferdinand Deist). Daarom moet Israel onder meer op die sewende dag hul diere en slawe laat rus.

Die vierde gebod verwys na 'n dag van barmhartigheid. Dié gebod is vir mense gemaak. Toe Jesus se dissipels op 'n Sabbat are pluk weens honger en hulle deur die streng godsdienstiges betig is, sê Jesus: "God het die Sabbat vir mense gegee om te geniet soos God bedoel het. Mense moenie allerhande reëls maak om die Sabbat 'n belangriker dag te probeer maak as wat dit is nie." (Die Boodskap, Markus 2).

God se reëls is daar om mense te help en nie te onderdruk nie. Jesus se koms bring 'n nuwe bedeling. Jesus is die Sabbat in wie Christene die ewige rus ontvang. Die Sabbat is nou elke dag van die week. Dit verwys nie meer na die rus van werk nie, maar na die rus van die sonde vir Christene (Hebreeërs 4). Sondag is

'n feesdag ter herdenking en viering van Jesus se opstanding. Dit het geleidelik ekstra betekenis in die vroeë kerk begin aanneem; onder meer het gelowiges op dié dag bymekaar gekom. Eers in die vierde eeu, toe die Christelike godsdiens amptelike status in die Romeinse Ryk gekry het, kon Christene die hele dag vir hul godsdiens opsy sit.

Die dag is ook 'n teken, "'n visie van God se nuwe begin met die wêreld" (Jürgen Moltmann). "Die dag en die aard van die 'teken' is op sigself nie so belangrik nie, maar wel wat daarmee gesê word." (Deist).

'n Nuwe tyd, nuwe gebruike

Dis goed om 'n dag in die week uit te sonder om saam met ander gelowiges Jesus se opstanding te vier, om met Goeie Nuus geïnspireer te word of om jou batterye te laai vir die week. Die dolle gejaag en toenemende individualisme maak dit moeilik om na

mekaar te luister, tyd te gee, mekaar te ondersteun en saam te speel. Sondag bied só 'n tyd en geleentheid vir gesinne, vriende en gelowiges. Tog het die krieketspeler Jonty Rhodes, 'n toegewyde Christen, vanweë Sondagwedstryde tyd op 'n ander dag ingeruim om met spelers om die Woord te verkeer.

Dis jammer dat 'n klomp mensgemaakte reëls om Sondag ontstaan het en mense allerlei kwellings daaroor het. Dis soms waardevoller om Sondag saam met jou gesin gholf te speel, in 'n park te stap of na 'n goeie simfonie-uitvoering te gaan as om te luister na 'n preek wat sukkel om jou van God se liefde en nabyheid bewus te maak.

Ons moenie meer van die Sondag maak as wat dit is nie. Dit kan dan onbybels raak, klink wetties en só mis baie die punt. Dit hou ook die gevaar in dat jy jou geloof dualisties ervaar in 'n "heilige" en 'n "gewone" tyd. En dit benadruk die spanning tussen 'n post-moderne tydgees en 'n pre-moderne verstaan van die Bybel. Die mensgemaakte opvatting kan ook tot inkonsekwentheid lei - as jy die Sondag as 'n Sabbat handhaaf, beteken dit seker dat jy steeds ook die besnydenis moet toepas? En watter Sabbatswette word nog onderhou en watter word geskrap?

Jesus kom leer sy volgelingen dat 'n nuwe tyd nuwe gebruike vra. Sy lewenstyl bevry mense van wettisme. Jesus plaas die fokus op liefde, 'n warm hart vir die nood van mense en geregtigheid. Sekere geloofsdinge wat vir party gelowiges belangrik is, is vir Hom onbelangrik. Vandag, met sy oop, liberale en gesekulariseerde samelewing, word Christene uitgedaag om op kreatiewe maniere hul spiritualiteit uit te leef. Dis belangrik dat jy jou sport of beroep, al speel of werk jy op Sondag, as 'n geïntegreerde gelowige beleef.

Dit alles gesê, maak nie van Harmse minder mens nie; intendeel, Suid-Afrika het meer mense met sy integriteit nodig. Maar dis tog jammer dat hy nie kans sien om sy Godgegewe gawe sewe dae van die week uit te leef nie.

'n Belangrike saak wat dr van Niekerk onderstreep, is dat die vreugde van die sabbat nie tot een dag per week beperk moet word nie. Alle dae van die week staan in die lig van feesvreugde. Tog is daar wesenlike sake wat hy geheel en al ignoreer: sake wat onder andere in Sondag 38 van die Kategismus duidelik na vore kom.

- Eksodus 16 is nie die eerste lering wat die volk Israel oor die sabbat ontvang het nie. Die sabbat is deel van God se skeppingsorde. In Christus word die versteurde skeppingsorde herstel. Die rusdag word nie opgehef nie, maar vervul.
- Om met selfgemaakte teenstrydighede 'n Skrifbeginsel te bevraagteken, getuig nie van gehoorsame luister na Gods Woord nie. 'n Preek wat sukkel om jou van God se liefde en nabyheid bewus te maak is geen verskoning om Sondag saam met jou gesin gholf te speel, in 'n park te stap of na 'n goeie simfonie-uitvoering te gaan nie. Intendeel.
- Kritiese gesprekke oor die inkleding van die Sondag word deurgaans mensgesentreerd gevoer. Alles wentel om die mens en sy behoefte aan rus (of geen rus nie). Die waarheid is dat alles in die lewe van God se kinders om God moet draai. Die primêre wat op Sondag moet gebeur is dat die erediens vir die Here, die onderlinge samekoms van die gelowiges gesoek moet word (Psalm 122; Hebreërs 10:19).
- Die maak van allerhande reëls vir die Sondag is 'n handige wapen in die hand van die skrywer om almal mee by te kom wat moeite doen om die dag te benut soos God dit van sy kinders vra. Besef dr van Niekerk dat hy met sy skrywe presies doen waarvan hy gehoorsame Sondagvierders, soos Chris Harmse, beskuldig? Met sy nuutgevonde (eintlik ou-ou) reëls lê hy mense aan bande om weg te beweeg vanaf die orde wat God reeds in die skepping neergelê het – en dit nogal onder die vaandel van kreatiewe spiritualiteit.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031